'N BIETJIE INSPIRASIE

ONS EERSTE INSPIRASIE-BRIEF!

Ek is so bly dat jy besluit het om hierdie Inspirasie-brief af te laai!

Dit is nie net ons eerste een vir die jaar nie, maar ook die heel eerste een wat ooit uitgestuur word. Van nou af gaan jy elke drie maande 'n skakel in die G-aksie ontvang vir die nuwe Inspirasie-brief.

Elke brief gaan, soos die naam aandui, propvol inspirasie en bemoediging wees.

Hierdie eerste brief gaan alles oor gebed.

Daar is 'n artikel vol bemoediging vir dié dae wanneer jy net nie die woorde vir gebed het nie.

Dan is daar 'n artikel met praktiese wenke om jou te help om vir Suid-Afrika (of vir die land waar jy woon) te bid.

Daar is ook 'n paar pragtige Bybelverse om jou te bemoedig en jou gedagtes te fokus op God en gebed.

Ek hoop jy geniet hierdie eerste Inspirasie-brief sommer baie, en dat dit nuwe vuur in jou gebedslewe gaan blaas.

Risa

BYBELLEESPLANNE

As jy in jou stiltetyd sukkel om te besluit waar in die Bybel jy moet lees, dan is 'n Bybelleesplan die ideale hulpmiddel. Besoek die webblad, laai een van die gratis planne af, en laat die Here toe om deur Sy Woord met jou te praat.

WANNEER DIT MOEILIK IS OM TE BID

Het jy al dae beleef waar dit nie maklik was om te bid nie?

'n Mens sukkel met gebed wanneer jy hartseer is of siek voel.

Jy sukkel wanneer daar dinge is wat jy nie verstaan nie of wanneer jy weet jy het iets aangevang wat jy wéét jy nie moes doen nie.

Woorde kom swaar wanneer 'n mens moedeloos is, die duiwel kommer soos 'n wortel voor jou neus hou, of wanneer jy die dag sommer net nie lus voel vir die lewe nie.

Op sulke dae wil 'n mens net by die Here gaan sit en jou hart uithuil.

Of jy wil, soos Dawid, vir die Here vertel presies hoe jy voel en jou hart uitpraat.

En soms wil jy net stil wees, niks sê nie, want jy het nie woorde nie, en voel hoe God se liefde jou toevou soos 'n warm kombers. Jy wil voel jy is veilig by Hom, Hy verstaan, en Hy gee om.

As een van genoemde jóú vandag beskryf, weet dan dat die Here met ope arms vir jou wag.

Deur Jesus Christus het jy 'n verhouding met God, en in 'n verhouding praat 'n mens jou hart uit en verduidelik jy hoe jy voel.

In 'n verhouding huil 'n mens soms terwyl jy ander kere uitbundig saam lag.

'n Verhouding vra nie heeltyd vir woorde nie, selfs al is kommunikasie baie belangrik, maar ook dat 'n mens net stil by mekaar kan wees.

'n Goeie verhouding is die één plek waar 'n mens veilig voel, waar jy weet die ander persoon verstaan en gee om vir jou.

As dít is hoe 'n verhouding met 'n gewone mens werk, hoeveel te meer nie ons verhouding met God nie?

So, as jy vandag, om watter rede ookal, sukkel om woorde te vind vir gebed, word net stil by die Here en laat Hom toe om jou lief te hê.

Ervaar Sy teenwoordigheid en hoe Sy vrede, wat alle verstand te bowe gaan, van jou besit neem.

Huil as jy wil huil. Stort jou hart voor Hom uit as jy daarna voel.

Maar maak seker dat, selfs al voel jy dalk nie daarna om te bid nie, jy tyd by Hom spandeer.

Jý het dalk nie woorde om vir Hóm te sê nie, maar Hy het soveel wat Hy met jou wil deel.

Hy wil jou vertel van Sy liefde, hoe Hy jou wil seën, versorg en beskerm.

Hy wil Sy wysheid met jou deel en vir jou antwoorde gee sodat jy weet hoe om jou probleme te hanteer.

Hy wil jou daaraan herinner dat jy kosbaar is vir Hom en dat jy waarde het, selfs al sien ander, of jyself, dit nie raak nie.

Hy wil jou weer bewus maak daarvan dat Hy 'n plan en doel vir jou lewe het, en dat daar nog baie dinge is wat jy en Hy saam gaan doen.

Dus, soek vir jou 'n plekkie waar jy alleen kan wees, waar niemand jou gaan pla nie, en word stil by Hom.

Hy wag vir jou!

HOE OM VIR DIE LAND TE BID

In 1 Timotheus 2:1-2 lees ons die volgende opdrag: "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid."

Dit beteken dat ons nie 'n opsie het wanneer dit kom by gebed vir die land en regering nie. Dit is nie maar iets wat ons kan doen of kan los nie; dit is 'n opdrag wat ons moet uitvoer.

Vandag wil ek vir jou vier praktiese riglyne gee om jou te help om vir die land en regering te bid.

1. STAAN OP GOD SE BELOFTES.

In 2 Kronieke 7:13-14 lees ons: "As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder My volk stuur, en my volk oor wie My Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na My wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel."

Hierdie is 'n belofte van God. As Sy kinders tot Hom bid, en met die hulp van die Heilige Gees sorg dat ons lewe volgens Sy Woord, dan sál Hy ons hoor en ons land herstel.

Neem beloftes soos hierdie, en oordink dit in jou stiltetyd. Bid dan tot God vir die land en regering en vertrou Hom dat Hy sál doen wat Hy beloof het in antwoord op jou gebed.

2. LAAT JOU WOORDE IN LYN WEES MET JOU GEBEDE.

Dit help nie om vir die land en die leiers te bid, en hulle dan heeltyd om die braaivleisvure sleg te sê nie. Onthou Jesus se woorde in Mattheus 12:34: "Waar die hart van vol is, loop die mond van oor." Wat by jou mond uitkom, is 'n aanduiding van wat in jou hart aangaan.

As jy dus bid vir die land en regering, maar jy neem steeds deel aan negatiewe gesprekke daaroor, is dit 'n aanduiding dat jy nog nie regtig glo God kan die land verander en herstel nie. Dít is waarom dit belangrik is om tyd met God se beloftes te spandeer, sodat jou geloof opgebou kan word, en Sý woorde oor die land en regering uit jou mond kan begin vloei wanneer ander negatief raak.

By baie van ons is dit eintlik al 'n gewoonte om sleg te praat oor die land en regering, maar ons kan dit verander deur tyd in die Woord te spandeer sodat God ons gedagtes en gesindhede kan vernuwe (Romeine 12:2).

3. HERE, WAT MOET EK DOEN?

Ons het verlede jaar verkiesing gehad in Suid-Afrika, so my volgende punt gaan jy moet onthou vir die volgende keer wat daar verkiesing is.

Bid voor elke verkiesing en vra die Here vir watter party jy moet stem. Dit is belangrik dat Hy jou leiding gee, want dan weet jy dat die stem wat jy uitbring, in lyn is met Sy wil.

Vra Hom ook wat jy kan doen om jou buurt, dorp of stad, en provinsie te seën. Jy sal dalk verstom staan oor wat die Here beplan om deur jou te doen!

4. VERGEWE.

Die laaste twee punte lyk of dit nie baie met gebed te doen het nie, maar dit het. Jy sien, wanneer ons iets regtig glo, dan praat ons daaroor en ons neem aksie daarmee.

Laastens is dit ook belangrik om almal wat al voorheen deel van die regering was, en waarmee jy nie noodwendig saamgestem het nie, te vergewe. Ja, politici doen baie keer die verkeerde ding, en 'n mens hoor omtrent daagliks van 'n nuwe skandaal waarby een of ander politikus nou weer betrokke was. En tog vra die Here van ons om hulle te vergewe.

Jesus het, toe Hy aan die kruis gehang het, Sy vyande vergewe.

En op meer as een plek in die Woord lees ons God se opdrag dat ons moet vergewe,

want jou geloof gaan nie werk in 'n hart wat vol onvergifnis is nie.

In Markus 11:24-25a lees ons: "Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees. En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom..."

Jesus koppel self ons geloof en vergifnis aan mekaar.

Vergewe dus al die politici, en sommer ook elke ander mens vir wie jy kwaad is, en laat die liefde van God uit jou hart vloei wanneer jy vir hulle bid.

As ons doen wat God beveel, en vir die land en al die leiers van die land bid met geloof en liefde in ons harte, dan sál God doen wat Hy beloof het, en ons land herstel!



DIT WAS 'N HEERLIKE VOORREG OM HIERDIE BRIEF VIR JOU SAAM TE STEL. JOU VOLGENDE INSPIRASIE-BRIEF KOM IN MEIMAAND EN DAN GAAN ONS BIETJIE GESELS OOR LIEFDE.